

ጎ KOSTEVOORDEELANALISE BY DIE TOEDELING VAN KOSTE
VIR ጎ HANDELSAFDELING VAN ጎ ADMINISTRASIERAAD -
ጎ GEVALLESTUDIE

DEUR

S D DU PLESSIS, B COMM., H B A

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die
vereistes vir die graad Magister Bedryfsadministrasie
in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys

LEIER : PROF .H J SWANEPOEL

DESEMBER 1982

V O O R W O O R D
= = = = =

Dit is my aangename voorreg om opreg dank te betuig teenoor die volgende persone vir bystand aan my verleen om hierdie gevallestudie af te handel:

Prof H J Swanepoel wat met onbaatsugtige ywer as leier opgetree het.

Mev P Steyn wat die tikwerk behartig het.

My eggenote, Annatjie, vir haar ondersteuning en hulp verleen.

My nederige dank aan Hom sonder wie se genade niks moontlik is nie.

---o0o---

INHOUDSOPGAWEBLADSY

HOOFSTUK 1 - INLEIDING	1
1. Probleem- en doelstelling	1
1.1 Indeling	1
1.2 Metode van ondersoek	3
HOOFSTUK 2 - SAMESTELLING EN FUNKSIE VAN ADMINISTRASIERADE EN ENKELE EKONOMIESE FAKTORE WAT 'N INVLOED OP DIE HANDELSAFDELING KAN UITOEFEN	4
1. Inleiding	4
1.1 Departement Behuising	5
1.2 Departement Administrasie	6
1.3 Departement Arbeid	6
1.4 Departement Tegnieuse Dienste	7
1.4.1 Instandhouding	8
1.4.2 Konstruksiewerke	9
1.5 Departement Personeeladministrasie	9
1.6 Departement Finansies	10
1.7 Departement Interne Oudit	12
1.8 Handelsdepartement	12
1.8.1 Verhuur van winkels	13
1.8.2 Handelsafdeling	13
2. Enkele ekonomiese faktore wat n invloed op die Handelsafdeling kan uitoefen	14
2.1 Verbruiksbesteding	15
2.2 Inflasie	16
2.3 Verbruikersvoorkeur	17

HOOFSTUK 3 - BOKOSTE EN BOKOSTETOEDELING	19
1. Inleiding	19
2. Vaste bokoste	20
2.1 Bemarking	20
2.2 Bestuurshulpdienste	21
3. Veranderlike bokoste	23
4. Toedeling van bokoste	24
4.1 Direkte arbeidskostekoers	26
4.2 Direkte arbeidsuurkoers	28
4.3 Masjienuurkoers	30
4.4 Eenhede geproduseer	32
4.5 Omsetwaarde	34
4.6 Basis van bokostetoedeling	35
4.6.1 Vaste bokostetoedeling	35
4.6.2 Veranderlike bokostetoedeling	37
 HOOFSTUK 4 - STERKDRANKAKTIWITEIT : BOKOSTETOEDELING	 41
1. Inleiding	41
2. Vaste koste	41
2.1 Vaste bokoste toegedeel	42
3. Veranderlike koste	43
3.1 Veranderlike bokoste toegedeel	43
4. Die effek van bokoste toegedeel	44

HOOFSTUK 5 - SORGHUMBIERAKTIWITEIT : BOKOSTETOEDELING	46
1. Inleiding	46
2. Brouery (produksie van losbier)	47
2.1 Vaste koste	48
2.1.1 Vaste bokoste toegedeel	49
2.2 Veranderlike koste	49
2.2.1 Veranderlike bokoste toegedeel	49
3. Verpakking	49
3.1 Vaste koste	50
3.1.1 Vaste bokoste toegedeel	50
3.2 Veranderlike koste	51
3.2.1 Veranderlike bokoste toegedeel	51
4. Verspreiding en verkope	52
4.1 Vaste koste	52
4.1.1 Vaste bokoste toegedeel	52
4.2 Veranderlike koste	52
4.2.1 Veranderlike bokoste toegedeel	53
5. Die effek van bokoste toegedeel	53
 HOOFSTUK 6 - SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS	 56
1. Inleiding	56
2. Vaste bokoste	57
2.1 Toedeling van bemarkingskoste	57
3. Veranderlike bokoste	58

ENGLISH SUMMARY

61

BIBLIOGRAFIE

65

TABELLE

67

FIGURE

83

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. PROBLEEM- EN DOELSTELLING

Gedurende 'n tydperk van drie rekenpligtige periodes is die volgende ten opsigte van die winste van die Handelsafdeling by die Oranje-Vaal Administrasieraad waargeneem.

- Die wins by die sterkdrankaktiwiteit het vanaf die 1979/80 rekenpligtige periode tot die 1981/82 rekenpligtige periode met ongeveer 'n 1000% toegeneem terwyl die wins by die sorg-humbieraktiwiteit vir die ooreenstemmende tydperk met ongeveer 84% afgeneem het.

Die gevallestudie strek oor 'n tydperk van drie rekenpligtige periodes naamlik 1979/80, 1980/81 en 1981/82. Hierna genoem die tydperk. Elke periode strek vanaf 1 April tot 31 Maart van die daaropvolgende jaar.

Die doelstelling van hierdie gevallestudie is om die toedeling van bokoste en die invloed wat sodanige koste op die wins van die Handelsafdeling tot gevolg het, te ondersoek en redes daarvoor te probeer vind.

1.1 INDELING

Die funksie van 'n Administrasieraad is in sekere opsigte soortgelyk aan die van 'n plaaslike owerheid. 'n Administrasieraad is daarop ingestel om aan die inwoners in sy gebied noodsaaklike dienste op 'n nie-winsgewende basis te lewer. Die samestelling en funksies van 'n Administrasieraad word kortliks in Hoofstuk twee bespreek. Enkele eksterne faktore soos inflasie, verbruikersvoorkeur en verbruiksbestedings wat 'n direkte invloed op die aktiwiteite van die Handelsafdeling kan uitoefen, word behandel.

In Hoofstuk drie word die probleem van bokoste aan die orde gestel. 'n Onderskeid word getref tussen vaste bokoste en veranderlike bokoste. Enkele bokostekoerse word geëvalueer met die doelstelling om die praktiese toepaslikheid op die Handelsafdeling te bepaal.

In Hoofstuk vier word die sterkdrankaktiwiteit aan die hand van bokoste toegedeel, ondersoek. Die aktiwiteit word uit 'n kleinhandelonderneming oogpunt, naamlik 'n koop- en verkoop-aksie onder die volgende hoofde beoordeel:

- Vaste koste.
- Veranderlike koste.

Die sorghumbieraktiwiteit word in Hoofstuk vyf aan die orde gestel. Die aktiwiteit is verantwoordelik vir die produksie van maltbier waarby die volgende kostesentrums onderskei word:

- Produksie (Brouery).
- Verpakking (Een- en tweeliter houers).
- Verspreiding en verkope.

Elk van die voorafgaande word met betrekking tot bokoste toegedeel onder die volgende hoofde beoordeel:

- Vaste bokoste.
- Veranderlike bokoste.

'n Samevatting van die gevallestudie sowel as enkele gevolgtrekkings wat daaruit gemaak word, word in Hoofstuk ses bespreek.

1.2 METODE VAN ONDERSOEK

Die metode wat gevolg is, is 'n empiriese studie, wat deur literatuurstudies, waarna verwys word in die lys van aangehaalde en geraadpleegde bronne, aangevul word. Verder is daar gebruik gemaak van persoonlike navrae en besprekings wat gevoer is met verantwoordelike persone.

HOOFSTUK 2

DIE SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN ADMINISTRASIERADE EN ENKELE EKONOMIESE FAKTORE WAT 'N INVLOED OP DIE HANDELS-AFDELING KAN UITOEFEN

1. INLEIDING

Met die aanname van die Wet op die Administrasie van Swartsake, 1971 (Wet Nr 45 van 1971), het die wetgewer die voorsiening van plaaslike owerheidsdienste aan 'n aantal Administrasierade opgedra. Die Administrasierade is verlengstukke van die sentrale owerheid en lewer die dienste op 'n streekgrondslag. Die doelstelling van die Wet word soos volg omskryf: "Om vir die administrasie van Swartsake buite die Swarttuislande beter voorsiening te maak en om vir daardie doel vir die instelling van Administrasierade voorsiening te maak; en om vir bykomstige aanleenthede voorsiening te maak".

Die bevoegdheid van 'n Administrasieraad word verder in Artikel 11(1) van die Wet omskryf.

Die funksie opgedra aan 'n Administrasieraad is in wese dié van 'n plaaslike owerheid. Hieruit volg dat die voorsiening van noodsaaklike dienste, die daarstelling van behuising en gemeenskapsdienste as primêre funksie gestel word.

Om die voorsiening van plaaslike owerheidsdienste te vervul is die Oranje-Vaal Administrasieraad saamgestel uit die volgende agt Departemente:

- Behuising.
- Administrasie.
- Arbeid.
- Tegniese Dienste.
- Personeeladministrasie.
- Finansies.
- Interne Oudit.
- Bedryf (Handel).

Die gebied wat deur die Oranje-Vaal Administrasieraad bedien word sluit die Vaaldriehoek- en die Noord Vrystaatstreek in. In tabel 1 word die Swart dorpe wat in die gebied aangetref word, uiteengesit. Die funksies van die bogenoemde Departemente word kortliks saamgevat.

1.1 DEPARTEMENT BEHUISING

Die doelstelling van die Departement is om die administratiewe funksie met betrekking tot die reëlings van behuising, instandhouding en die lewering van dienste te behartig. Noodsaaklike dienste is onder meer die voorsiening van water, elektrisiteit, riolering, vullisverwydering en gemeenskapsdienste. Laasgenoemde sluit in sport en ontspanning, biblioteke en maatskaplike werk.

1.2 DEPARTEMENT ADMINISTRASIE

Die Departement verrig administratiewe hulpdienste, waarvan die volgende onderafdelings onderskei kan word:

- Die hantering van alle regsangeleenthede.
- Die aanvra en toekenning van tenders.
- Die behartiging van alle komiteewerk en vergaderingprosedures.
- Die opstel en beoordeling van alle ooreenkomste waarby die Administrasieraad betrokke is.

1.3 DEPARTEMENT ARBEID

Die Departement is verantwoordelik vir die administrasie van wetgewing rakende die Swart man binne die Republiek van Suid-Afrika. Die wetgewing is daarop ingestel om die beweging van die Swart man te beheer. Ingevolge wetgewing word die

beheermaatreëls, waarvolgens die Departement moet optree, soos volg voorgeskryf:

- Die Wet op Swartarbeid, 1966 (Wet Nr 30 van 1966, soos gewysig).

- Die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet Nr 25 van 1945, soos gewysig).

- Die Swart Arbeidsburoregulasies Goewermentskennisgewing R1892 van 1965.

Bo en behalwe toestromingsbeheer is die Departement ook belas met 'n voorligting- en indiensplasingdiens wat namens die Departement van Mannekragbenutting ingevolge die Wet op Voorligting en Indiensplasing, 1981 (Wet Nr 62 van 1981), gelewer word.

In die geval waar 'n arbeidstekort ondervind word, en die tekort nie met plaaslike Swart werksoekers aangevul kan word nie, word daar gebruik gemaak van trekarbeid. Die aanvulling geskied hoofsaaklik vanaf die afhanklike en onafhanklike Swart state. Verder is die Departement gemoeid met die lewering van beskermings-, brandweer- en ambulansdienste binne die Swart woongebiede.

1.4 DEPARTEMENT TEGNIESE DIENSTE

Die funksie wat deur hierdie Departement verrig word is tegnies van aard. Twee aktiwiteite word onderskei:

- Instandhouding.
- Konstruksie.

1.4.1 INSTANDHOUDING

Die Afdeling is verantwoordelik vir die instandhouding van alle dienstenetwerke en toevoerdienste, waarvoor toerusting van 'n gespesialiseerde aard gebruik word. Uit 'n koste oogpunt word dus 'n hoë kapitale investering aangetref. Die toerusting word aangewend vir die instandhouding en herstelwerk van:

- Paaienetwerke.
- Riolsuiweringswerke en netwerke.
- Waternetwerke en reservoirs.
- Elektrisiteitnetwerke.
- Behuisingskemas, administratiewe en publieke geboue.

Die Afdeling is verantwoordelik vir alle instandhouding binne die regsgebied van die Oranje-Vaal Administrasieraad.

1.4.2 KONSTRUKSIEWERKE

Hierdie Afdeling is daarop ingestel om die oprigting van geboue en die installering van nuwe diensnetwerke te behartig. Om die aktiwiteit na behore te vervul, word 'n hoë kapitale investering in doelmatige toerusting aangetref. Die aktiwiteit is oor die hele regsgebied van die Oranje-Vaal Administrasieraad versprei.

In uitsonderlike gevalle waar private kontrakteurs in die uitvoering van konstruksiewerke betrokke is, tree die Departement Tegniese Dienste in 'n toesighoudende of in 'n raadgewende hoedanigheid op.

1.5 DEPARTEMENT PERSONEELADMINISTRASIE

Die personeelfunksie kan soos volg saamgevat word:

- Keuring en indiensneming van personeel.
- Hantering van tugmaatreëls.
- Ontslag en oorplasings.
- Vergoeding.
- Opleiding.
- Sosiale sorg.

- Hantering van byvoordele soos verlof en pensioenvoordele.

1.6 DEPARTEMENT FINANSIES

Bogenoemde Departement is verantwoordelik vir die verkryging, aanwending en die belegging van fondse teen rente verdienste. By die verkryging van fondse word twee bronne onderskei, te wete:

- Eksterne bronne.
- Eie of interne bronne.

Eksterne fondse word bekom deur die opneem van lenings vanaf:

- Die owerheid (Staatsdepartemente).
- Effekte uitgifte op die kapitaalmark.

Eie of interne fondse word verkry deur bydraes vanaf die Inkomsterekening na die onderskeie fondse oor te plaas. Die inkomste bronne word ondermeer uit die volgende saamgestel:

- Huur- en paaientinkomste vanaf die Behuisingsrekening.
- Heffings ten opsigte van dienste gelewer soos elektrisiteit, water, riool en vullis.

- Arbeidsburo-inkomste, heffing op Swart arbeid, ingevolge die Wet op Bydraes ten opsigte van Swart arbeid, 1972 (Wet Nr 29 van 1972).

Van die belangrikste interne of eie fondse word die volgende onderskei:

- Kapitaalontwikkelingsfonds.
- Hernuwings- en Reserwefonds.
- Konstruksiefonds.
- Tariefstabilisasiefonds.
- Versekeringsfonds.

Eksterne en interne fondse word aangewend vir die finansiering van kapitaal- en instandhoudingsprojekte.

Verder is die Departement verantwoordelik vir die opstel van die jaarlikse begroting en die voorlegging van die finale rekeninge (jaarstate) van die Administrasieraad. Die betaling van alle krediteure word deur die Departement Finansies behartig. Laasgenoemde funksie sluit die betaling van alle voorraadaankope van die Handelsafdeling in.

1.7 DEPARTEMENT INTERNE OUDIT

Die Departement Interne Oudit is verantwoordelik vir die uitoefening van beheer oor alle inkomste, uitgawe, voorrade en die aanwending van fondse. Beheer word uitgeoefen volgens die voorskrifte uiteengesit in die finansiële regulasies van toepassing op 'n Administrasieraad. Die ontwerp en toepassing van kontrolestelsels is 'n primêre funksie van die Departement.

1.8 HANDELSDEPARTEMENT

Die funksie van die Handelsdepartement is daarop gerig om in 'n deel van die sosiale behoeftes van die inwoners, binne die regsgebied van die Oranje-Vaal Administrasieraad, te voorsien. Die handelsfunksie bestaan uit:

- Die verhuur van winkels.

- 'n Handelsafdeling, waaruit die volgende onderskei kan word:
 - Bestuursfunksie.

 - Sterkdrinkaktiwiteit.

 - Sorghumbieraktiwiteit.

1.8.1 VERHUUR VAN WINKELS

Hierdie aktiwiteit hou verband met die oprigting en verhuur van sakegeboue en word deur die Administrasieraad onderneem. Die huurinkomste hieruit verdien, maak nie deel uit van die inkomste van die Handelsafdeling nie.

1.8.2 HANDELSAFDELING

- Bestuursfunksie

Die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit word deur 'n bestuurspan gekoördineer. Die koste verbonde aan die bestuursfunksie en die basis waarop die koste toegedeel word, word in hoofstuk drie breedvoerig bespreek.

- Sterkdrankaktiwiteit.

Die Sterkdrankaktiwiteit funksioneer soos 'n kleinhandelsonderneming en bestaan uit 'n koop- en verkoopaksie. Sterkdrank word by afsonderlike verkoopsunte, naamlik drankwinkels en kroeë in die Swart woongebiede, aangetref. Sterkdrank sluit die volgende dranksoorte in:

Spiritualië.

Gefortifiseerde wyn.

Natuurlike wyn.

Moutbier.

Sorghumbieraktiwiteit.

Die sorghumbieraktiwiteit verteenwoordig 'n volledige ver-
vaardigingsproses waarby die volgende onderskei kan word:

Produksie (Brouery).

Verpakking.

- Verspreiding (Verkope by afsonderlike verkoospunte).

In die geheel gesien is 'n Administrasieraad daarop ingestel om sy funksies op 'n ekonomiese grondslag te vervul. In die praktyk word die begrip "ekonomiese grondslag" vertolk as die vermoë om bedryfskoste uit die beskikbare inkomstebronne te verhaal.

Verder moet dit nie uit die oog verloor word nie dat sommige van die Departemente nie inkomste-lewerend van aard is nie, maar dienslewerend. Hieruit volg dat daar swaar geleun word op Departemente of Afdelings wat wel inkomste lewer. Gevolglik is die "winste" van die Handelsafdeling as 'n bron van inkomste onontbeerlik.

2. ENKELE EKONOMIESE FAKTORE WAT 'N INVLOED OP DIE HANDELSAFDELING KAN UITOEFEN

In die beoordeling van die Handelsafdeling kan enige styging of daling in winste nie net aan interne faktore toegeskryf

word nie. Enkele eksterne ekonomiese faktore wat moontlik n invloed op die Handelsafdeling kan uitoefen word kortliks bespreek.

2.1 VERBRUIKSBESTEDING

Tabel 2 toon die verbruiksbesteding van die verskillende rasse-groepe in Suid-Afrika vir 1979 en die geprojekteerde besteding vir 1985. n Aansienlike styging word voorspel in die verbruiksbesteding ten opsigte van die Swart bevolking vir 1985 in vergelyking met 1979. Die Swart verbruiksbesteding word op 47,4% van die totale verbruiksbesteding vir 1985 beraam. Die tabel toon n afname in die persentasie besteding aan voedsel, drank en tabak vir 1985. Volgens die kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (September 1982) het die totale private verbruiksbesteding teen heersende pryse soos volg vertoon:

- 1979 R24 863 miljoen
- 1980 R30 779 miljoen
- 1981 R37 861 miljoen

Die totale private verbruiksbesteding vir 1985 word op R69 667 miljoen geraam nadat voorsiening gemaak is vir n afname in die totale private verbruiksbesteding vir 1983 en 1984. Gebaseer op die projeksie vergelyk die totale private verbruiksbesteding vir 1979 en 1985 soos volg:

	<u>1979</u>	<u>1985</u>
Totale verbruiksbesteding	R24 863 miljoen	* R69 667 miljoen
Swart verbruiksbesteding	R 9 025 miljoen (36,3%)	* R33 022 miljoen (47,4%)
Swart besteding aan voedsel, drank en tabak	R 3 862 miljoen (42,8%)	* R12 086 miljoen (36,6%)

*Beramings

Nieteenstaande 'n persentasie afname in die besteding aan voedsel, drank en tabak kan daar met 'n redelike mate van sekerheid 'n verhoogde private besteding ten opsigte van voedsel, drank en tabak in die vooruitsig gestel word.

Aanvullend tot die voorafgaande toon Tabel 3 'n volgehoue styging in die inkomste (omset) van die sterkdrank- en sorg-humbieraktiwiteit van die Oranje-Vaal Administrasieraad. Die styging word oor 'n betreklik kort termyn van drie jaar (1979 tot 1982) waargeneem.

2.2 INFLASIE

Die afname in die "wins", veral by die sorg-humbieraktiwiteit, kan nie sondermeer aan ondoeltreffende bestuur toegeskryf word nie. Soos in die geval van enige private onderneming, is die Handelsafdeling aan stygende koste blootgestel, veral ten opsigte van:

- Stygende ru-materiaalkoste.

- Verhoogde arbeidskoste (lewensduurte aanpassings).
- Styging in die koste van dienste, byvoorbeeld gasvoorsiening, water en elektrisiteit.

Tabel 4 toon, ten opsigte van die tydperk, 'n gemiddelde styging in die verbruikers- en produksiepryse van ongeveer 14% per periode. In die beoordeling van die bokoste van die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit moet die styging as 'n onderliggende faktor in gedagte gehou word.

2.3 VERBRUIKERSVOORKEUR

Die sterkdrankaktiwiteit toon, oor die tydperk, 'n stygende wins terwyl die sorghumbieraktiwiteit oor dieselfde tydperk 'n dalende wins toon. Die tendens kan moontlik aan 'n verskuiwing van verbruikersvoorkeur toegeskryf word, op grond van die volgende:

- Die vernouing van die loongaping tussen Swart werkers en ander rassegroepe het 'n verhoogde inkomste by die Swart werker tot gevolg. Die verhoogde inkomste kan moontlik aanleiding gee tot 'n verhoogde besteding aan sterk drank. Die tendens word hoofsaaklik uit Tabel 5 vir 'n Industriële gebied soos die Vaaldriehoek waargeneem. Dit is opvallend dat vir elke R1,00 aan sorghumbier bestee, ten minste R4,20 in 1980/81 en R4,50 in 1981/82 aan sterk drank bestee is.

- Die verwestering van die Swart man, veral in die platteland, kan ook as 'n onderliggende rede beskou word. Tabel 5 toon 'n duidelike toename in die besteding aan sterk drank teenoor die tradisionele maltbier in die Vrystaatstreek.

Ten opsigte van die 1980/81 rekenpligtige periode is daar vir elke R1,00 aan sorghumbier bestee ten minste R0,99 aan sterk drank bestee. Gedurende die 1981/82 periode is daar vir elke R1,00 aan sorghumbier bestee ten minste R1,50 aan sterk drank bestee.

HOOFSTUK 3

BOKOSTE EN BOKOSTETOEDILING

1. INLEIDING

In die vakliteratuur bestaan daar n redelike mate van eenstemmigheid oor die begrip bokoste.

Neuner + Deakin (1977, p.209) omskryf bokoste soos volg: "Overhead costs are comprised of a number of items, all of which cannot be traced directly to products that are manufactured or other revenue producing activities".

Horngren (1978, p.425) definieër bokoste as: "Overhead is a conglomeration of items which, unlike direct material or direct labor, cannot conveniently be applied on an individual basis. But the commonly accepted theory is that overhead is an integral part of a product's cost".

Bokoste word deur Sorgdrager + Tromp (1975, p. 237) soos volg omskryf: "Bokoste moet beskou word as n prestasie wat uiteindelik vir die totstandkoming van n produk verantwoordelik is. Nogtans kan hierdie koste nie direk in die produk, of selfs diens, waargeneem word nie".

Uit die voorafgaande word bokoste, soos van toepassing op die Handelsafdeling, soos volg omskryf: "Bokoste word beskou as doelmatige opgeofferde waarde wat nie op n direkte wyse na

n bepaalde kostedraer toegedeel en in die eindproduk of diens waargeneem kan word nie".

Bokoste, van toepassing op die Handelsafdeling, word saamgestel uit twee afsonderlike komponente.

- Vaste bokoste.
- Veranderlike bokoste.

2. VASTE BOKOSTE

In Hoofstuk 2 is daar melding gemaak van die bestuursfunksie van die Handelsafdeling. Die funksie word onafhanklik van die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit uitgevoer en behels die volgende:

- Bemarking.
- Bestuurshulpdienste.

2.1 BEMARKING

Die doelstelling van bemarking is om die verkope van die sterkdrank- en sorghumbierprodukte binne die Administrasieraad se regsgebied te bevorder. Bemarking sluit onder meer die volgende in:

- Produk ontwikkeling.
- Ontginning van nuwe markte (byvoorbeeld tuislande).
- Verpakkingsformaat en metode van aanbieding.
- Terugvoering en ontleding van markondersoeke.

2.2 BESTUURSHULPDIENSTE

Beheer oor die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit word deur bestuurshulpdienste behartig. Dit behels onder meer die volgende:

- Voorraadbeheer.
- Kontrolering van handelsaktiwiteite by die onderskeie verkooppunte.
- Finansiële en administratiewe beheer.
- Verwerking van bestuursinligting, die vasstelling en aanpassing van verkooppriese.

Die omskrywing van bokoste verwys na opgeofferde waarde wat nie direk na 'n kostedraer toegewys kan word nie. Die koste verbode aan die bestuursfunksie word normaalweg vir 'n bepaalde

rekenpligtige periode as vas beskou omdat die koste in totaal nie vir volume veranderinge gevoelig is nie. Op grond van die voorafgaande word die koste van die bestuursfunksie as 'n vaste bokoste beskou.

In Tabel 6 word die totale vaste bokoste per rekenpligtige periode uiteengesit. Uit die tabel kan 'n volgehoue styging in vaste bokoste waargeneem word.

- Rekenpligtige periode:	1979/80	R254 616,00
	1980/81	R373 678,00
	1981/82	R745 416,00

Die volgehoue styging in bestuurskoste (vaste bokoste) gedurende die tydperk, kan moontlik aan die volgende faktore toegeskryf word:

- Die aantal personeellede gemoeid met die bestuursfunksie is stelselmatig uitgebrei deur personeel vanaf die sterkdirk- en sorghumbieraktiwiteit te onttrek. Hierdeur is die koste ten opsigte van vergoeding van die bestuurspan aansienlik verhoog.
- Die voorsiening van addisionele vervoer het 'n verhoogde koste met betrekking tot vervoerkoste by die bestuursfunksie tot gevolg gehad.
- Die effek van inflasie.

Die basis waarvolgens vaste bokoste (bestuurskoste) toegedeel word, word later in die hoofstuk in oënskou geneem.

3. VERANDERLIKE BOKOSTE

Die veranderlike bokoste bestaan uit dienste gelewer aan die Handelsafdeling deur dienslewerende departemente van die Oranje-Vaal Administrasieraad. Die dienste word ondermeer deur die volgende Departemente gelewer:

- Finansies
 - Die boekstaving van alle rekenkundige transaksies.
 - Die betaling van leweransiers verantwoordelik vir die voorsiening van voorraad ten opsigte van die sterkdrink- en sorg-humbieraktiwiteit.
 - Die vergoeding van werknemers werksaam by die Handelsafdeling.
 - Die beskikbaarstelling van bedryfskapitaal.
- Interne Oudit
 - Oefen 'n onafhanklike kontrole uit oor alle voorrade, verkope en die hantering van inkomste verkry uit verkope.
- Arbeid
 - Die lewering van 'n beveiliging- en bewakingsdiens van die verkooppunte binne die woongebiede ten opsigte van die sterkdrink- en sorg-humbieraktiwiteit.

- Administrasie - Behartig korrespondensie ingevolge voorskrifte deur die owerheid daargestel wat van toepassing is op die Handelsafdeling. (Byvoorbeeld die verkryging van tenders vir die lewering van ru-materiaal vir die produksie van sorghumbier).

Die koste wat deur die genoemde Departemente aangegaan word, is vir die betrokke Departement 'n vaste koste. Aangesien die Departemente nie inkomste lewendend van aard is nie, word die koste van dienste gelewer deur middel van 'n bokostekoers na die Handelsafdeling toegedeel. Veranderlike bokoste word onder die opskrif "Toedeling van Bokoste" verder toegelig.

4. TOEDELING VAN BOKOSTE

Horngren (1978, p.428) omskryf die toedelingskoers van bokoste soos volg: "The idea is to use an annual average overhead rate consistently throughout the year, for product costing, without altering it from day to day and from month to month. The resultant normal product cost include an average or normalized chunk of overhead".

In die praktyk word bokoste toegedeel volgens 'n vooraf bepaalde of historiese bokostekoers. Die bokostekoers is gebaseer op 'n volume faktor, soos byvoorbeeld direkte arbeidskoste, direkte arbeidsure, masjienure, ensovoorts. Die

genoemde volume faktore dien as 'n basis om die toepaslike bokostekoers per kostesentrum te bereken.

Die keuse van 'n basis vir die berekening van 'n bokostekoers word deur Van der Schroeft (1970, p.294) soos volg omskryf: "..... Deze worden gebruikt om het aandeel in de kosten vast te stellen, dat de kostenplaats heeft te dragen. Daartoe worden de kosten ingedeeld waar de verdeelsleutel, welke as grondslag voor de verbijzondering werd gekozen. De voorwaarde, welke aan de verdeelsleutel moet worden gesteld, willen zij een aanvaarbare grondslag bieden voor de verbijzondering van de kosten is, dat er een causale samenhang (dan wel een correlatie) bestaat tussen de kosten, welke moeten worden verbijzonderd en de grootheid, die als verdeelsleutel geld".

Voordat enkele bokostekoerse kortliks bespreek en geëvalueer word dien die volgende, met betrekking tot die toedeling van bokoste by die Handelsafdeling, vermeld te word.

Ten opsigte van vaste bokoste (bestuurskoste) kan die bokoste vooraf, deur middel van 'n begroting of in die geval van werklike koste aan die einde van die rekenpligtige periode, bepaal word. Deur van 'n toepaslike verdeelsleutel gebruik te maak kan bokoste na die onderskeie kostesentrums toegedeel word.

Ten opsigte van veranderlike bokoste (koste verbonde aan dienste gelewer deur dienslewerende departemente) is dit juis andersom. In die geval is die bokoste onbekend. Die bokoste word bereken deur 'n voorafbepaalde bokostekoers van toepassing te maak op die totale omsetwaarde van die sterkdrink- en sorghumbieraktiwiteit.

Aan die hand van die voorafgaande word die volgende bokostekoerse geëvalueer.

Die algemene formule wat vir die toedeling van bokoste gebruik word deur Dickey (1967, p.9.19) soos volg omskryf:

$$R = O/A$$

Waar R = Boskostekoers vir die periode

O = Totale jaarlikse/maandelikse bokoste vir die periode.

A = Totale jaarlikse/maandelikse volume faktor waarop die bokostekoers toegepas word.

4.1 DIREKTE ARBEIDSKOSTEKOERS

Die bogenoemde bokostekoers word as 'n persentasie van die totale direkte arbeidskoste bereken, deur van die volgende formule gebruik te maak:

$$\text{Bokoste} \div \text{Direkte arbeidskoste} \times 100 = \text{Persentasie van direkte arbeidskoste}$$

Indien direkte arbeid n primêre produksie faktor in n afdeling, afdeling of kostesentrum verteenwoordig, kan die toedeling van bokoste deur middel van n direkte arbeidskostekoers geskied. Die voor- en nadele van die direkte arbeidskostekoers is onder meer:

Voordele:

- Die inligting benodig (direkte arbeidskoste) is direk vanaf die betaalstate beskikbaar.
- Die toepassing van die bokostekoers is eenvoudig.

Nadele:

- Indien direkte arbeid in die een of ander kostesentrum nie n verteenwoordigende produksie faktor is nie, word die waarde van die ander verteenwoordigende produksie faktore in die toedeling van bokoste nie regmatig verteenwoordig nie.
- Indien die arbeidstarief per arbeider sou verskil vir dieselfde werk verrig, het dit n onjuiste bokoste toedeling tot gevolg. In hierdie omstandighede doen Hongren (1978, p.426) die volgende aan die hand: "Of course, if the hourly labor rates differed greatly for individuals performing identical tasks, hours of labor, rather than dollars spent for labor, would have to be used as a base".

Die gebruik van die direkte arbeidskostekoers by die Handelsafdeling is, op grond van die volgende, nie in alle opsigte prakties moontlik nie:

- Die sterkdrankaktiwiteit is soortgelyk aan 'n kleinhandelsonderneming, met die gevolg dat direkte arbeidskoste nie as 'n verteenwoordigende volume faktor beskou kan word nie.
- In die geval van die sorghumbieraktiwiteit word 'n soortgelyke probleem ondervind in die sin dat direkte arbeidskoste by die brouery en verpakking direk in verband staan met die produksie van sorghumbier terwyl arbeidskoste by die verspreiding en verkope van sorghumbier 'n koop- en verkoopaksie verteenwoordig.
- Die vernaamste argument teen die gebruik van 'n direkte arbeidskostekoers is dat die arbeidstarief wesenlik verskil van arbeider tot arbeider en per aktiwiteit.

4.2 DIREKTE ARBEIDSUURKOERS

Die berekening van die bogenoemde koers kan deur middel van 'n formule soos volg uitgedruk word:

$$\text{Bokoste} \div \text{Direkte arbeidsure} = \text{Koers per direkte arbeidsuur}$$

Deur van die bokostekoers gebruik te maak, word bokoste volgens die aantal direkte arbeidsure na die kostesentrum(s)

toegedeel. Indien die direkte arbeidsure verteenwoordigend is van die aktiwiteit binne 'n kostesentrum, is die gebruik van die direkte arbeidsuurkoers ideaal. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die arbeidstarief, die gebruik van toerusting en die werksomstandighede redelik eenvormig en soortgelyk is. Enkele voordele van die bokostekoers is onder meer die volgende:

- Dit is maklik om te gebruik in daardie gevalle waar die produksieproses hoofsaaklik op arbeid gebaseer is.
- Aangesien die bokostekoers op 'n tydfaktor gebaseer is, word alle prosesse wat dieselfde tyd inbeslag neem met dieselfde bokoste toegedeel.

Die nadele verbonde aan die bokostekoers sluit onder meer die volgende in:

- Ten einde die bokostekoers te bereken word addisionele data verlang, soos die aantal arbeidsure per produk en per kostesentrum.
- Indien die arbeidstarief per uur sou verskil op grond van 'n spesifieke aanleg wat vereis word, of as gevolg van 'n hoër produksievolume, is die gebruik van die bokostekoers nie verteenwoordigend nie. In die geval is die gebruik van die direkte arbeidskostekoers meer toepaslik.

Die gebruik van die direkte arbeidsuurkoers by die Handelsafdeling word op grond van die volgende faktore aan bande gelê:

- In die geval van die sterkdrankaktiwiteit ontbreek 'n produksieproses in sy geheel. Die bepaling van die aantal direkte arbeidsure verbonde aan 'n bepaalde proses is nie ter sprake nie, en as sodanig is die bokostekoers nie toepaslik nie.
- Ten opsigte van die sorghumbieraktiwiteit word daar by die brouery hoofsaaklik van produksie-ure gebruik gemaak, terwyl die verpakking hoofsaaklik meganies geskied. Vir die toedeling van bokoste sal 'n masjienuurkoers meer prakties wees as 'n direkte arbeidsuurkoers. In die geval van die sorghumbier verspreiding en verkope is die omstandighede identies aan die wat by die sterkdrankaktiwiteit aange-tref word.

4.3 MASJIENUURKOERS

Die masjienuurkoers word deur middel van die volgende formule bereken:

$$\text{Bokoste} \div \text{Masjienure} = \text{Koers per masjienuur}$$

Die gebruik van die bokostekoers is ideaal in daardie gevalle waar produksie hoofsaaklik deur masjiene verrig word. Indien die masjiene egter van mekaar verskil, byvoorbeeld in terme van produksievolume, behoort daar vir elke soort masjien of

groep masjiene n afsonderlike bokostekoers gebruik te word. Vervaardigingsbokoste, waar produksie deur masjiene verrig word, word deur Neuner (1967, p.220) soos volg opgesom: "In many concerns a large proportion of the manufacturing overhead is made up of depreciation on machines, power and repairs to machines, overhead can therefore be accurately charged to production on a machine-hour basis".

Enkele voordele verbonde aan die gebruik van die masjienuurkoers is die volgende:

- Uit n koste oogpunt word bokoste per produk meer akkuraat toegedeel.
- Die verkoopsbestuurder word in staat gestel om n meer akkurate verkoopprijs vooraf te bepaal.
- Uit n bestuursoogpunt word n meer logiese en wetenskaplike toedeling van bokoste bewerkstellig. Deur die bokostekoers te gebruik word die bestuur in staat gestel om verkoopspryse/kwotasies op kostestate te baseer sonder om enige noemenswaardige risiko te loop.

Nadele verbonde aan die bokostekoers sluit onder meer in:

- Addisionele inligting is n absolute vereiste om die masjienuurkoers te bereken. Die berekening van die bokostekoers

het n verhoogde administratiewe koste tot gevolg wat in sommige gevalle n groter nadeel as voordeel inhou.

- Die gebruik van n eenvormige masjienuurkoers is vir alle praktiese doeleindes onmoontlik waar n verskeidenheid van masjiene in gebruik is.

As gevolg van die beperkte gebruik van masjiene, wat hoofsaaklik by die verpakking van sorghumbier aangetref word, is die gebruik van n masjienuurkoers eweneens beperk. In die geval van die sterkdrankaktiwiteit is die bokostekoers geheel en al ontoereikend.

4.4 EENHEDE GEPRODUSEER

Die bogenoemde bokoste per eenheid geproduseer, word deur middel van die volgende formule bereken:

$$\text{Bokoste} \div \text{Aantal eenhede van produksie} = \text{Bokoste per eenheid}$$

Die bokostekoers word bereken deur die totale bokoste vir n periode te versprei oor die aantal eenhede geproduseer vir dieselfde periode. Die voordeel van die bokostekoers lê hoofsaaklik daarin opgesluit dat:

- Dit n eenvoudige metode van toedeling is.
- Dit die mees direkte metode van toedeling is.

Die nadele verbonde aan die bokostekoers is onder meer:

- Die bokostekoers is slegs bruikbaar waar 'n enkele produk of 'n reeks nouverwante produkte, met 'n gemeenskaplike volumefaktor, vervaardig word. In die verband verwys Dickey (1967, p.9.33) na die volgende: "Where no natural common denominator exists, one may be devised by resorting to a point basis or some other weighting factor".

Die bokostekoers kan met 'n groot mate van akkuraatheid by die toedeling van bokoste by die sorghumbieraktiwiteit van die Handelsafdeling gebruik word. Aangesien hier 'n homogene produk, sorghumbier liter-gewys, vervaardig word, is die gebruik van die bokostekoers wel prakties moontlik. In die verband word daar uitsluitlik verwys na die toedeling van vaste bokoste (bestuurskoste). Die bokostekoers kan selfs gebruik word om die vaste bokoste ten opsigte van die sorghumbier verspreiding en verkope toe te deel. In plaas van die aantal liters geproduseer en verpak as volumefaktor te beskou, word die aantal liters sorghumbier verkoop as volumefaktor geneem.

Die probleem om 'n verteenwoordigende verdeelsleutel te vind wat ewe maklik op beide die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit gebruik kan word, bly steeds onbeantwoord. Die enigste verteenwoordigende volumefaktor blyk die totale omsetwaarde per aktiwiteit te wees.

4.5 OMSETWAARDE

Van der Schroeft (1970, p.324) onderskei twee metodes waarvolgens bokoste op die omsetwaarde toegedeel word.

"1. Methoden, waarbij de verdeling van de gemeenschappelijke kosten over de produkten plaatsvindt in verhouding van hun opbrengst bij verkoop, waarbij twee verschillende toepassingen te onderscheiden:

- a: Verdeling in verhouding van de verkoopprijzen per eenheid produkt,
- b. in verhouding van de totale opbrengst van de produkten;"

Volgens Van der Schroeft word daar deur middel van die opbrengsverhouding n kosprys afgelei uit die verkoopprys. Die bepaling van die wins per afsonderlike produk word na die toedeling van gemeenskaplike koste, so te sê onmoontlik gemaak.

Deur van die opbrengsverhouding gebruik te maak, ontstaan daar n direkte verband tussen die opbrengswaarde en die bokoste toegedeel. n Hoë opbrengswaarde het n hoë bokoste-toedeling tot gevolg, en andersom.

Die omsetwaarde per aktiwiteit word as n basis gebruik waarvolgens die berekening en toedeling van bokoste gedoen word. Die gebruik van die basis word geregverdig deurdat:

- Die koste verbonde aan die bestuursfunksie van die Handelsafdeling nie afsonderlik ten opsigte van die sterkdrank- en

sorghumbieraktiwiteit kwantifiseerbaar is nie.

- Die koste ten opsigte van dienste gelewer deur dienslewerende departemente is administratief van aard en kan nie afsonderlik geïdentifiseer word nie.
- Daar word van die standpunt uitgegaan dat namate die omset per aktiwiteit toeneem, die bestuursfunksie en bepaalde dienste gelewer, direk in verband staan met die verhoogde omset. Sodoende het dit 'n toename in bokoste tot gevolg, deurdat:
 - Voorraad word meer gereeld aangevul.
 - 'n Groter volume transaksies moet geboekstaaf word.
 - Beheer verg 'n groter tydstoedeling.
 - 'n Toename in krediteure betalings verg 'n groter bedryfskapitaal wat meer geredelik beskikbaar moet wees.

4.6 BASIS VAN BOKOSTETOEDELING

Die basis waarvolgens vaste bokoste (bestuurskoste van die Handelsafdeling) en veranderlike bokoste (dienste gelewer deur ander departemente) toegedeel word, is nie eenvormig nie.

4.6.1 VASTE BOKOSTETOEDELING

Die totale koste verbonde aan die bestuursfunksie van die Handelsafdeling word in verhouding met die omsetwaarde van die sterkdrink- en sorghumbieraktiwiteit toegedeel. Die basis van toedeling het tot gevolg dat enige styging in die omsetwaarde van 'n aktiwiteit 'n toename in die toegedeelde vaste bokoste meebring. Omdat die vaste bokoste in totaal per rekenpligtige periode vas is, het 'n toename in toegedeelde bokoste by die een aktiwiteit 'n afname by die ander aktiwiteit tot gevolg. Aan die hand van 'n voorbeeld word dit soos volg geïllustreer:

Totale vaste bokoste:	<u>R245 000,00</u>	(Vaste bokoste toegedeel)
1. Omsetwaarde:		
Sterk drank	R 25 000 000,00	R180 147,00
Sorghumbier	R 9 000 000,00	<u>R 64 853,00</u>
		R245 000,00
		=====
2. Verhoogde omsetwaarde:		
Sterk drank	R 30 000 000,00	R188 462,00
Sorghumbier	R 9 000 000,00	<u>R 56 538,00</u>
		R245 000,00
		=====

Die verhouding in voorbeeld (1) is 25:9, terwyl voorbeeld (2) 'n verhouding van 30:9 weerspieël.

Die toegedeelde vaste bokoste vir die tydperk is soos volg:

	<u>Sterkdrink- aktiwiteit</u>	<u>Sorghumbier- aktiwiteit</u>
Rekenpligte periode 1979/80	R179 177,00	R 75 439,00
1980/81	R292 821,00	R 80 857,00
1981/82	R578 902,00	R166 514,00

Ten opsigte van die bemarkingsfunksie, wat deel van die bestuurfunksie uitmaak, is daar vasgestel dat die funksie uitsluitlik tot die sorghumbieraktiwiteit beperk is. Die gebruik van 'n verhoudingsbasis het tot gevolg dat die bemarkingskoste in verhouding met die omsetwaarde na beide aktiwiteite, sterk drank en sorghumbier, toegedeel word. Die toedeling blyk in die praktyk foutief te wees. Die probleem word in Hoofstuk 6 verder bespreek.

4.6.2 VERANDERLIKE BOKOSTETOEDELING

Veranderlike bokoste bestaan uit koste ten opsigte van dienste gelewer aan die Handelsafdeling deur dienslewerende departemente, byvoorbeeld Finansies, Interne Oudit en Arbeid.

Die bokoste toedeling by die Handelsafdeling verskil aansienlik met die meer algemene toedeling van bokoste. In die geval van sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit is die bokostekoers vooraf bekend. Die vooraf bepaalde bokostekoers word gebruik om die onbekende, in die geval, bokoste as 'n persentasie van die totale omsetwaarde per aktiwiteit te bereken. Die bokostekoers van toepassing op die aktiwiteite is soos volg:

- Sterkdrankaktiwiteit 2%
- Sorghumbieraktiwiteit 10%

Sedert hulle instelling is die Administrasierade deur die owerheid verplig om 20% van alle sterk drank winste aan die owerheid oor te betaal. Ten einde te voorkom dat winste gemanipuleer word, is daar 'n vaste koers van 2%, bereken op die omsetwaarde, toegelaat vir administratiewe koste.

Die toegedeelde bokoste, bereken teen 'n bokostekoers van 2% op die totale omsetwaarde vir die tydperk is soos volg:

- 1979/80	R346 313,00
- 1980/81	R526 963,00
- 1981/82	R702 970,00

Sedert 1 April 1982 is die verpligte oorbetalings van 20% van die drankwinste opgehef, terwyl die bokostekoers van 2% onveranderd gelaat is. Die moontlike wysiging van die bokostekoers word in Hoofstuk 6 bespreek.

Die bokostekoers van toepassing op die sorghumbieraktiwiteit beloop 10% van die totale omsetwaarde. Die koers word jaarliks, tydens die voorlegging van die begroting, deur die Raad goedgekeur.

Die toegedeelde bokoste vir die tydperk ten opsigte van die sorghumbieraktiwiteit is soos volg:

- 1979/80	R 728 382,00
- 1980/81	R 870 533,00
- 1981/82	R1 010 985,00

Die maontlike wysiging van die bokostekoers word in Hoofstuk 6 toegelig.

Tabel 7 toon die totale vaste- en veranderlike bokoste toegeedeel na die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit vir die tydperk. Uit die tabel word die volgende met betrekking tot veranderlike bokoste waargeneem:

- Die toegedeelde bokoste ten opsigte van die sterkdrankaktiwiteit vertoon aansienlik laer as die bokoste toegeedeel na die sorghumbieraktiwiteit per periode.

- Die totale omsetwaarde van die sterkdrankaktiwiteit is aansienlik hoër as die totale omsetwaarde van die sorghumbieraktiwiteit per periode.

Die voor- en nadele verbonde aan die toedeling van bokoste, met omsetwaarde as basis, word ondermeer soos volg saamgevat:

Voordele:

- Die omsetwaarde dien as 'n verteenwoordigende volumefaktor vir beide die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit.

- Die basis is redelik eenvoudig.

- Die toedeling van bokoste kan maandeliks op grond van werklike waardes geskied.

- Die toedeling van bokoste kan ewe maklik op die begrote omsetwaarde gebaseer word, met die voorbehoud dat daar geen wesentliche afwyking in die werklike omsetwaarde voorkom nie.

Nadele:

- Een van die vernaamste argumente teen die omsetwaardebasis is die afwesigheid van die kousale verband tussen werklike koste en bokoste toegedeel.

- 'n Styging in die omsetwaarde, wat direk voortspruit uit 'n prysaanpassing, het 'n verhoogde bokoste tot gevolg, maar nie noodwendig 'n verhoogde bedryfkoste nie.

- Die insluiting van algemene verkoopsbelasting in die totale omsetwaarde het 'n hoër bokoste toedeling tot gevolg.

HOOFSTUK 4

STERKDRANKAKTIWITEIT : BOKOSTETOEDILING

1. INLEIDING

In Hoofstuk 2 is daar na die sterkdrankaktiwiteit as 'n kleinhandelonderneming verwys. Dit volg dus dat 'n aankoop- en verkoopaksie ter sprake is.

Gedurende die tydperk is daar 'n styging van ongeveer 1000% in die winste van die sterkdrankaktiwiteit waargeneem. Sterk drank word binne die onderskeie Swart woongebiede verkoop. Die verkope word vanaf die volgende punte behartig:

- Drankwinkels.
- Kroeë (slegs in die Vaaldriehoek gebied).

Ten einde die effek van die bokostetoedeling by die sterkdrankaktiwiteit te bepaal, word daar hoofsaaklik op die volgende gekonsentreer:

- Vaste koste.
- Veranderlike koste.

2. VASTE KOSTE

Gedurende n bepaalde rekenpligtige periode word genoemde koste in totaal as vas beskou en gevolglik is die koste nie gevoelig vir enige volume veranderings nie.

In Tabel 8 word die totale vaste koste per rekenpligtige periode aangedui. Uit die tabel word die volgende waargeneem:

- Die totale vaste koste toon n gemiddelde styging van ongeveer 34% per periode terwyl die bokoste toegedeel per periode byna verdubbel het.

- Algemene verkoopsbelasting word as n koste aangetoon, terwyl dit in die praktyk nie as n koste geklassifiseer kan word nie. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is verkoopsbelasting, as n koste, in alle berekenings buite-rekening gelaat.

2.1 VASTE BOKOSTE TOEGEDEEL

In Hoofstuk 3 is vaste bokoste omskryf as die koste verbonde aan die bestuursfunksie van die Handelsafdeling. Die basis waarvolgens die koste toegedeel word, naamlik in verhouding met die omsetwaarde van die sterkdrink- en sorghumbieraktiwiteit, toon n duidelike styging in die bokoste toegedeel. Die totale toegedeelde vaste bokoste (tabelle 7, 8.1 tot 8.3), toon ten opsigte van die sterkdrinkaktiwiteit, gedurende die tydperk, die volgende tendens:

- 1979/80	R179 177,00
- 1980/81	R292 821,00
- 1981/82	R578 902,00

Die merkbare styging in vaste bokoste word soos volg verklaar:

- Namate die koste van die bestuursfunksie per rekenpligtige periode toeneem (Tabel 6) is 'n toename in die toegedeelde vaste bokoste ondervind.
- Die skerp styging in die omsetwaarde van die sterkdrankaktiwiteit (Tabel 3) in vergelyking met die sorghumbieraktiwiteit het 'n styging in die vaste bokoste toedeling tot gevolg.

3. VERANDERLIKE KOSTE

Veranderlike koste is gevoelig vir volume veranderinge. Tabel 8 toon die totale veranderlike koste ten opsigte van die sterkdrankaktiwiteit. Uit die tabel word 'n volgehoue styging in die veranderlike bokoste waargeneem.

3.1 VERANDERLIKE BOKOSTE TOEGEDEEL

In Hoofstuk 3 is die basis waarvolgens die bogenoemde koste toegedeel word, bespreek. In die geval van die sterkdrankaktiwiteit word 'n bokostekoers van 2% op die totale omsetwaarde gebruik.

Die totale veranderlike bokoste (Tabelle 7, 8.1 tot 8.3) toon ten opsigte van die sterkdrankaktiwiteit, per rekeningpligtige periode, die volgende tendens:

- 1979/80	R346 312,00
- 1980/81	R526 963,00
- 1981/82	R702 970,00

Die stygende tendens in veranderlike bokoste toegedeel, is te wyte aan 'n verhoogde omsetwaarde per periode soos aangedui in Tabel 3. Die verhoogde omsetwaarde word moontlik toegeskryf aan:

- Verhoogde volume van verkope.
- Verhoogde verkoopprijs.

4. DIE EFFEK VAN BOKOSTE TOEGEDEEL

Die toegedeelde vaste- en veranderlike bokoste, per rekeningpligtige periode uitgedruk as 'n persentasie van die totale koste, toon die volgende:

- 1979/80	3,1%
- 1980/81	3,3%
- 1981/82	3,9%

Op die oog af blyk die persentasie redelik laag en aanvaarbaar te wees. Indien die bokoste toedeling soos volg vergelyk word, toon die toegedeelde vaste bokoste (bestuurskoste) 'n progressiewe styging.

	<u>Veranderlike bokoste</u>	<u>Vaste bokoste</u>	<u>Totaal</u>
1979/80	R346 312,00	R179 177,00	R 525 489,00
1980/81	R526 963,00	R292 821,00	R 819 784,00
1981/82	R702 970,00	R578 902,00	R1 281 872,00

Die basis waarvolgens vaste bokoste (bestuurskoste) toegedeel word, naamlik in verhouding met die omsetwaarde van die betrokke aktiwiteit, is direk verantwoordelik vir 'n vaste bokostetoedeling in 'n verhouding van ongeveer 3:1 (sterk drank tot sorghumbier). Die verhouding word uit Tabel 7 afgelei.

As gevolg van die relatief vinnige styging in die totale omsetwaarde teenoor 'n ietwat meer gematigde styging in koste (figuur 1) ten opsigte van sterk drank het die toegedeelde bokoste geen noemenswaardige effek op die netto resultaat nie.

HOOFSTUK 5

SORGHUMBIERAKTIWITEIT : BOKOSTETOEDILING

1. INLEIDING

Gedurende die tydperk is 'n winsafname van ongeveer 84% by die sorghumbieraktiwiteit waargeneem.

Die sorghumbieraktiwiteit bestaan uit:

- Brouery (produksie van sorghumbier - losbier)
- Verpakking (een- en tweeliter houers)
- Verspreiding en verkope (biersale en depots in Swart woongebiede).

Ten einde die effek van die bokostetoedeling op die sorghumbieraktiwiteit te ondersoek is daar van die volgende gebruik gemaak:

- 'n Gemeenskaplike volumefaktor word gebruik, naamlik 'n liter sorghumbier geproduseer.
- Die toegedeelde bokoste word per eenheid beoordeel.
- Daar is slegs op die 1981/82 rekenpligtige periode gekonsentreer om die volgende redes:

- Die boekstaving van produksie- en verpakkingskoste is van so n aard dat die koste per kostesentrum nie afsonderlik geïdentifiseer kan word nie.
- Aangesien die 1981/82 rekenpligtige periode die jongste periode verteenwoordig kon die verlangde inligting, ten einde die nodige koste verstellings te maak, meer geredelik bekom word.
- As gevolg van die gebrek aan juiste kostesyfers per kostesentrum moet alle eenheidskoste as benaderde syfers beskou word.

Die gesamentlike koste ten opsigte van die sorghumbieraktiwiteit word in Tabel 9 aangedui. Ten einde die effek van die bokostetoedeling by die brouery, verpakking en verspreiding te bepaal word elk van die voorafgaande aan die hand van die volgende hoofde beoordeel:

- Vaste koste.
- Veranderlike koste.

Soos in die geval van Hoofstuk 4 word algemene verkoopsbelasting, vir alle doeleindes van berekeninge, buiterekening gelaat.

2. BROUERY (PRODUKSIE VAN LOSBIER)

Die sorghumbieraktiwiteit beskik oor twee brouerye, naamlik:

- Big "S" Brouery.
- Maokeng Brouery.

Vir doeleindes van die beoordeling van bokoste word die brouerye as 'n eenheid beskou aangesien die totale koste na 'n gesamentlike kosterekening toegedeel word.

Vanweë die bederfbare eienskap van die produk word die produksievolume van sorghumbier volgens die geprojekteerde vraag beplan. Die beleid dra daartoe by dat produksie nie op 'n deurlopende vier-en-twintig uur siklus plaasvind nie. Die produksievolume beperking impliseer dat die totale produksiekoste oor 'n relatief kleiner produksievolume versprei word, en sodoende 'n hoër eenheidskoste tot gevolg het.

Verkope van afval ru-materiaal en sorghumbier (losbier) aan grootmaat privaat verbruikers word direk vanaf die brouery behartig. Aangesien die bokostetoedeling op omsetwaarde gebaseer is, word die direkte verkope by die brouery as basis gebruik vir die toedeling van die bokoste wat op die sorghumbieraktiwiteit betrekking het (Tabel 9.1).

2.1 VASTE KOSTE

Die totale vaste koste ten opsigte van die brouery beloop R1 248 333,00 nadat algemene verkoopsbelasting buiterekening gelaat is (Tabel 9.1). Per eenheid geproduseer beloop die vaste koste R0,0234 (Tabel 9.2). Omdat die koste verbonde aan die verspreiding van losbier as 'n produksiekoste beskou en oor die totale produksievolume versprei word, word 'n gedeelte van die verspreidingskoste as 'n koste opgeneem ten opsigte van sorghumbier bestem vir verpakking.

2.1.1 VASTE BOKOSTE TOEGEDEEL

Die vaste bokoste toegedeel (bestuurskoste) in verhouding met die omsetwaarde van die aktiwiteit beloop R13 768,00. Per eenheid geproduseer beloop dit R0,0002 (Tabel 9.2). Die koste vertoon laag en het geen noemenswaardige effek tot gevolg nie.

2.2 VERANDERLIKE KOSTE

Die veranderlike koste (Tabel 9.1) word saamgestel uit:

- Broumateriaal.
- Verhitting, water, ens.
- Veranderlike bokoste.

2.2.1 VERANDERLIKE BOKOSTE TOEGEDEEL

In Hoofstuk 3 is die basis waarvolgens veranderlike bokoste met betrekking tot die sorghumbieraktiwiteit toegedeel word, bespreek. Die koste word teen 'n koers van 10% op die omsetwaarde van die aktiwiteit bereken. Die toegedeelde bokoste beloop R83 591,00. Per eenheid beloop dit R0,0016 (Tabel 9.2). Per eenheid vertoon die bokoste laag.

3. VERPAKKING

As gevolg van die gebrek aan afsonderlike kostesiflers ten opsigte van die een- en tweeliter verpakking word sommige

koste-elemente van verpakking uitgedruk as n koste per liter verpak. Die aanname het tot gevolg dat in die geval van die tweeliter verpakking sekere koste soos, veranderlike bokoste en koste van verspreiding, per liter verreken word. Soos in die geval van die brouery word die voorsiening van verpakte bier aan grootmaat privaat verbruikers direk vanaf die verpakkingslokaal behartig. Die omsetwaarde word as basis gebruik vir die toedeling van bokoste wat op die sorghumbieraktiwiteit betrekking het (Tabel 9.1).

3.1 VASTE KOSTE

Die totale vaste koste van verpakking (Tabel 9.1) beloop R1 292 974,00, (AVB buiterekening gelaat). Per eenheid verpak, met ander woorde per liter, beloop die koste R0,0299 (Tabel 9.2). Die vaste koste verteenwoordig ongeveer 42% van die totale verpakkingskoste per eenheid.

3.1.1 VASTE BOKOSTE TOEGEDEEL

Die vaste bokoste toegedeel (bestuurskoste) in verhouding met die omsetwaarde van die verpakkingsaktiwiteit beloop R25 100,00 (Tabel 9.1). Per eenheid verpak verteenwoordig die bokoste R0,0005 (Tabel 9.2). In vergelyking met die totale vaste koste per eenheid verpak van R0,0299 (Tabel 9.2) vertoon die bokoste redelik laag ($\pm 2\%$).

3.2 VERANDERLIKE KOSTE

Bogenoemde (koste) bestaan hoofsaaklik uit die koste van verpakkingsmateriaal. Twee soorte verpakkings word aangetref, naamlik:

- Eenliter (eenmalige gebruik)
- Tweeliter (hergebruikbaar)

Ten opsigte van die eenliter verpakking word 'n nie-terugruilbare houer gebruik. Die gemiddelde koste per houer beloop R0,045.

In die geval van die tweeliter verpakking word 'n terugruilbare houer gebruik. Die rotasie vermoë word op 40 geraam terwyl die aankoopkoste R0,65 beloop. Die koste per rotasie word op R0,016 beraam terwyl 'n deposito van 5c per houer van toepassing is met die doel om die verlies aan tweeliter houers so ver moontlik te beperk. Aangesien die koste van verpakking herlei is na 'n eenheid verpak word die effek van die bovermelde syfers, soos dit die eenliter- en tweeliter verpakking onderskeidelik beïnvloed, in Tabel 9.3 aangetoon.

3.2.1 VERANDERLIKE BOKOSTE TOEGEDEEL

Die totale veranderlike bokoste toegedeel beloop R152 393,00 (Tabel 9.1). Per eenheid verpak beloop die bokoste R0,0035 (Tabel 9.2). In terme van die totale veranderlike koste

per eenheid van R0,0410 beloop die bokostetoedeling ongeveer 8,6% wat redelik vertoon.

4. VERSPREIDING EN VERKOPE

Sorghumbier word binne die Swart woongebiede by die onderskeie biersale en depots verkoop.

4.1 VASTE KOSTE

Die totale vaste koste beloop R1 466 310,00 (Tabel 9.1) nadat algemene verkoopsbelasting buiterekening gelaat is. Per eenheid sorghumbier verkoop (per liter) beloop die koste R0,0279 (Tabel 9.2).

4.1.1 VASTE BOKOSTE TOEGEDEEL

Die vaste bokoste (bestuurskoste) wat toegedeel word na die aktiwiteit beloop R127 646,00. Die toedeling word in verhouding met die omsetwaarde van die aktiwiteit (verkope en verspreiding), bereken. Per eenheid sorghumbier verkoop beloop die bokoste R0,0024 (Tabel 9.2). In vergelyking met die totale vaste koste per eenheid R0,0279 vertoon die bokoste relatief laag.

4.2 VERANDERLIKE KOSTE

Tabel 9.1 toon geen koste met betrekking tot die aankoop

van sorghumbier nie. Die rede hiervoor hou verband met sekere vereistes deur die Ouditeur-Generaal voorgeskryf ten einde dubbele koste inskrywings te voorkom.

4.2.1 VERANDERLIKE BOKOSTE TOEGEDEEL

Die veranderlike bokoste toegedeel teen 'n koers van 10% op die omsetwaarde, beloop R775 001,00 (Tabel 9.1). Per eenheid verkoop beloop die bokoste R0,0148 (Tabel 9.2). In vergelyking met die totale verspreiding en verkoopkoste per eenheid (R0,0427) verteenwoordig die veranderlike bokostetoedeling (R0,0148) ongeveer 35% wat aansienlik hoër vertoon as in die geval van die brouery- en verpakkingskostesentrum. Die hoë bokostetoedeling word toegeskryf aan die volgende:

- Die totale omsetwaarde is aansienlik hoër as die omsetwaarde wat by die brouery en verpakking aangetref word.
- Die totale koste (vas en veranderlik) vertoon laer by verspreiding en verkope as in die geval van die brouery en verpakking (Tabel 9.1).

5. EFFEK VAN BOKOSTE TOEGEDEEL

Die effek van die bokostetoedeling na die sorghumbieraktiwiteit toon per eenheid (liter) sorghumbier geproduseer, verpak, versprei en verkoop die volgende:

	Vaste koste			Veranderlike koste			Totale koste
	Toegedeelde bokoste	Restante vaste koste	Sub-totaal	Toegedeelde bokoste	Restante veranderlike koste	Sub-totaal	
Losbier	R0,0002	R0,0232	R0,0234	R0,0016	R0,0577	R0,0593	R0,0827
Verpakte bier	R0,0005	R0,0294	R0,0299	R0,0035	R0,0375	R0,0410	R0,0709
Verspreiding en verkope	R0,0024	R0,0255	R0,0279	R0,0148	-	R0,0148	R0,0427
	R0,0031	R0,0781	R0,0812	R0,0199	R0,0952	R0,1151	R0,1963

Uit die voorafgaande word die volgende afgelei:

- Ten opsigte van n liter losbier geproduseer en verkoop, R0,1254 (R0,0827 + R0,0427) beloop die totale bokoste toegeedeel R0,019 of ongeveer 15%.

- In die geval van n verpakte eenheid verkoop R0,1963 beloop die totale toegedeelde bokoste R0,0230 of ongeveer 12% van die totale koste.

n Verdere ontleding ten opsigte van die bokoste samestelling van n verpakte eenheid sorghumbier (eenliter) toon dat die:

- Vaste bokoste ongeveer R0,003 of 13% van die totale bokoste (R0,0230) verteenwoordig.

- Veranderlike bokoste ongeveer R0,0199 of 86% van die totale bokoste (R0,0230) verteenwoordig.

Uit die voorafgaande afleidings blyk dit duidelik dat die bokoste-koers van 10%, bereken op die omsetwaarde, die sorg-humbieraktiwiteit in totaal nadelig beïnvloed. Die afname in die wins oor die tydperk word moontlik toegeskryf aan:

- Koste per produksie eenheid wat redelik hoog vertoon.
- Die bokostetoedeling wat varieer met ongeveer 12% vir n verpakte eenheid geproduseer en verkoop tot 15% vir n liter losbier geproduseer en verkoop van die totale eenheidskoste.
- Die gemiddelde verkoopprijs per eenheid wat moontlik te laag vasgestel is.
- Die toename in totale koste wat relatief vinniger toegeneem het as die toename in omsetwaarde (figuur 2).

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

1. INLEIDING

Gedurende die tydperk van drie rekenpligtige periodes (1979/80, 1980/81 en 1981/82) is 'n winstoename van ongeveer 'n 1000% by die sterkdrankaktiwiteit en 'n winsafname van ongeveer 84% by die sorghumbieraktiwiteit by die Handelsafdeling van die Oranje-Vaal Administrasieraad waargeneem.

Die doelstelling van die gevallestudie is om die toedeling van bokoste en die invloed wat sodanige koste op die wins van die Handelsafdeling tot gevolg het, te ontleed.

Die toedeling van bokoste moet gesien word teen die agtergrond van die funksies en samestelling van 'n Administrasieraad. Omdat 'n Administrasieraad verantwoordelik is vir die voorsiening van dienste op 'n nie-winsgewende basis moet die koste hieraan verbonde op die een of ander wyse uit inkomste verhaal word. In die verband lewer die Handelsafdeling 'n onontbeerlike bydrae.

Die ontleding van bokoste toon 'n duidelike onderskeid tussen:

- Vaste bokoste
- Veranderlike bokoste

2. VASTE BOKOSTE

Vaste bokoste is die koste verbonde aan die bestuursfunksie wat direk in verband staan met die handelsaktiwiteite, naamlik sterk drank en sorghumbier.

Die totale koste (bestuurskoste) per periode is vas en dus nie gevoelig vir enige volume veranderings nie. Aangesien die koste direk verband hou met die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit word dit as 'n onvermydelike koste beskou. Die vaste bokoste word toegedeel in verhouding met die omsetwaarde van die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit. 'n Bokostekoers is nie in die geval van toepassing nie.

Die keuse om omsetwaarde as 'n verdeelsleutel te gebruik vir die toedeling van bokoste kan nie mee fout gevind word nie. Meer bekende bokostekoerse soos byvoorbeeld direkte arbeidskostekoers, direkte arbeidsuur- en masjienuurkoers blyk nie in alle opsigte toepaslik te wees nie.

2.1 TOEDELING VAN BEMARKINGSKOSTE

In Hoofstuk 3 is daar verwys na die samestelling van die bestuursfunksie waarby die bemarking van sorghumbier en sterk drank ingesluit is. Die basis waarvolgens die bestuurskoste in verhouding met die omsetwaarde van elke aktiwiteit, toegedeel word het tot gevolg dat die koste verbonde aan bemarking in dieselfde verhouding toegedeel word. Volgens Tabel 7 beloop die verhouding ongeveer 3:1 ten opsigte van

die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit. Op grond van die kostetoedeling word aanvaar dat die bemarkingsfunksie op albei aktiwiteit van toepassing is. By nadere ondersoek is vasgestel dat die bemarking uitsluitlik op sorghumbier van toepassing is met die gevolg dat die bokostetoedeling foutief blyk te wees.

Aangesien die bemarkingsfunksie uitsluitlik tot die sorghumbieraktiwiteit beperk is behoort die koste direk na die sorghumbieraktiwiteit toegedeel te word. Die koste behoort nie deel te vorm van die bestuurskoste nie.

3. VERANDERLIKE BOKOSTE

Bogenoemde koste verteenwoordig die koste verbonde aan dienste gelewer aan die Handelsafdeling deur dienslewerende Departemente soos:

- Finansies.
- Interne Oudit.
- Personeeladministrasie.
- Arbeid
- Administrasie.

Veranderlike bokoste word toegedeel deur middel van 'n koers bereken op die omsetwaarde van die sterkdrank- en sorghumbieraktiwiteit. Die koers van toepassing op die sterkdrankaktiwiteit is 2% terwyl die koers van toepassing op die sorghumbieraktiwiteit 10% is.

In die ontleding van die toegedeelde veranderlike bokoste blyk dit dat die koers van 10%, van toepassing op die sorg-humbieraktiwiteit, die wins nadelig beïnvloed. Die toege-deelde veranderlike bokoste van die sterkdrinkaktiwiteit in vergelyking met die veranderlike bokoste van die sorg-humbieraktiwiteit (Tabel 7), toon n duidelike wanverhouding in vergelyking met die totale omsetwaarde.

Ten einde die toedeling van veranderlike bokoste in ver-houding met die betrokke aktiwiteit se omsetwaarde te bring word n eenvormige bokoste koers voorgestel. Indien n koers van byvoorbeeld 4% van toepassing gemaak word, beloop die totale veranderlike bokoste R1 810 155,00 teenoor n totale veranderlike bokoste van R1 713 955,00 vir die 1981/82 rekenpligtige periode. Deur die gebruik van n eenvormige koers word die sorg-humbieraktiwiteit, kostegewys bevoordeel wat n aansienlike winstoename sal meebring.

Aan die hand van die 1981/82 rekenpligtige periode word die voorstel soos volg geïllustreer:

<u>Sterkdrinkaktiwiteit</u>	<u>Bestaande basis</u>	<u>Voorgestelde basis</u>
Totale omsetwaarde	R 35 144 012	R 35 144 012
Toegedeelde bokoste:		
Vaste koste	R 578 902	R 578 902
Veranderlike koste	R 702 970	R 1 405 760
Wins	R 1 577 874	R 875 084

<u>Sorghumbieraktiwiteit</u>	<u>Bestaande basis</u>	<u>Voorgestelde basis</u>
Totale omsetwaarde	R10 109 888	R10 109 888
Toegedeelde bokoste:		
Vaste koste	R 166 514	R 166 514
Veranderlike koste	R 1 010 985	R 404 396
Wins	R 156 947	R 763 536

Opsommend kan die toedeling van veranderlike bokoste nie as 'n suiwer bokoste in die ware sin van die woord beskou word nie. Die toedeling van veranderlike bokoste word as 'n metode beskou waardeur die uitgawe van dienslewerende departemente na 'n inkomste lewerende departement toegedeel word om sodoen- de uitgawes uit inkomste tegemoet te kom.

ENGLISH SUMMARY

Over a period of three financial years the profits shown by the Commerce Department of the Oranje-Vaal Administration Board reflected the following:

- The profits in respect of the liquor activity reflected an increase of approximately 1000% whilst the profits of the sorghumbeer activity reflected a decrease of approximately 84%.

The purpose of this case study is to investigate the allocation of overhead costs and to ascertain to what extent the profits are affected if at all.

In Chapter 2 the organizational structure and functions of an Administration Board are briefly discussed. An Administration Board could be regarded as a local authority operating on a regional basis and as such it is responsible for the provision of essential services. In order to perform these duties an Administration Board should be self sufficient, which implies that all operating expenses must be covered by sufficient revenue.

In the process of obtaining sufficient funds, the Commerce Department plays a major roll in creating a substantial source of income. This is achieved through the activity of selling liquor and the production and distribution of sorghumbeer.

The Commerce Department consist of the following sub-divisions:

- Management function
- Liquor activity (sale of liquor)
- Sorghumbeer activity (production and distribution of sorghumbeer)

In Chapter 3 the problem of overhead costs is discussed. Basically two different types of overhead costs are identified, viz:

- Fixed overhead costs.
- Variable overhead costs.

Fixed overhead costs consist of costs related to the management function. In total this cost is regarded as fixed cost over a specific period, which is not affected by any volume-variances. Fixed overhead costs are allocated to the liquor and sorghumbeer activities in proportion to the total turnover-value of each activity. This method implies that any increase or decrease in turnover-value will have a corresponding effect on the fixed overhead costs allocated.

Viarable overhead costs represent costs of services rendered to the Commerce Department by other Departments of the

Administration Board. These services are rendered by the following Departments:

- Finance, Internal Audit, Labour, Personnel and Administration.. Variable overhead costs are calculated on the total turnover-value of the liquor and sorghumbeer activities at a pre-fixed overhead rate per activity.

In the event of the liquor activity a fixed overhead rate of 2% applies, whilst a fixed overhead rate of 10% is applicable on the sorghumbeer activity.

In Chapter 4 the effect of the overhead costs allocated to the liquor activity is accounted for. Due to an increase in the income in excess of the increase in the expenditure over the period (figure 1) the allocation of overhead costs does not have a significant impact on the profits.

In Chapter 5 the effect of the overhead costs on the sorghumbeer activity is accounted for. As far as the fixed overhead cost allocation is concerned no serious problem is encountered. In regard to the variable overhead cost allocation, the overhead rate of 10%, calculated on the total turnover-value, creates a problem. It appears from the figures quoted (Table 7) that the total variable overhead costs amounted to R1 010 985 on a turnover-value of R10 109 888. In comparison with the sorghumbeer activity the liquor activity shows a variable overhead cost allocation

of R702 970,00 on a turnover-value of R35 144 012,00 in respect of the 1981/82 period.

In Chapter 6 a summary and some recommendations are furnished. It appears that the overhead rate of 2% and 10%, respectively on the turnover-value of the liquor and sorghumbeer activities, contributes towards the increase and decrease in profits.

In order to alleviate this problem it is suggested that a uniform overhead rate of \pm 4% should apply to both the liquor and sorghumbeer activities.

It also emerged from this study that part of the fixed overhead costs allocated towards the liquor activity is incorrect. The total costs in respect of management also include the costs of the marketing function. It is, however, evident that the marketing function is confined to the sorghumbeer activity only. Due to the method of fixing overhead costs proportionally with the turnover-value on both liquor and sorghumbeer activities, it follows that the liquor activity has been incorrectly burdened with marketing costs which in fact do not exist. The cost of the marketing function should be allocated directly to the sorghumbeer activity and omitted from fixed overhead cost.

BIBLIOGRAFIE

BARCLAYS-NASIONALE BANK BEPERK. Junie 1981. Sake-brief.
Johannesburg.

DICKEY, R.I. 1967. Accountant's cost handbook. Illinois.
Ronald press.

HORNGREN, C.T. 1978. Introduction to management accounting.
London, Prentice-hall

NEUNER, J.J.W. 1967. Cost accounting principles and practice.
Illinois, Richard D. Irwin.

NEUNER, J.J.W. & DEAKIN, E.B. 1977. Cost accounting principles
and practice. Illinois, Richard D. Irwin.

Regulasie Nr R1892/1962 : Arbeidsburo.

SORGDRAGER, A.J.E. & TROMP, D. 1975. Kosprystegniek. P.U.
vir C.H.O., Pro rege.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. September 1982. Kwartaalblad
Nr 145. Pretoria, Staatsdrukker.

VAN DER SCHROEFT, H.J. 1970. Kosten en Kostprijs. Amsterdam,
Kosmos-Amsterdam.

WET NR 25/1945 : Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet,
soos gewysig.

WET NR 30/1966 : Swartarbeid, soos gewysig.

WET NR 45/1971 : Administrasie van Swartsake.

WET NR 62/1981 : Voorligting en Indiensplasinge.

PERSONE GERAADPLEEG:

BREET, G.D. Assistent Direkteur Bedryf (Brouery).

ROETS, G.P. Assistent Direkteur Finansies (Rekenpligtig).

SCHOLTZ, K. Assistent Direkteur Bedryf (Beheer).

TABELLE

1. UITEENSETTING VAN DIE SWART WOONGEBIEDE BINNE DIE JURISDIKSIEGEBIED VAN DIE ORANJE-VAAL ADMINISTRASIERAAD
2. 'N PERSENTASIE-OPDELING VAN PRIVAAT VERBRUIKSBESTEDING DEUR RASSEGROEPE IN 1979 EN 1985
3. STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE : HANDELSPROJEKTE
4. VERGELYKING TUSSEN VERBRUIKER- EN PRODUKSIEPRYSE STYGING VIR DIE PERIODE 1979 TOT 1981
5. DIE VERHOUDING IN BESTEDING TEN OPSIGTE VAN STERK DRANK TEENoor SORGHUMBIER (UITGEDRUK IN GELDWAARDE)
6. KOSTESTAAT VAN VASTE BOKOSTE (BESTUURSKOSTE)
7. VASTE- EN VERANDERLIKE BOKOSTE VIR DIE TYDPERK TOEGEDEEL NA DIE STERKDRANK- EN SORGHUMBIERAKTIWITEIT
8. STERKDRANKAKTIWITEIT - KOSTESTAAT VAN TOTALE KOSTE
 - 8.1 STERKDRANKAKTIWITEIT - ONTLEDING VAN TOTALE KOSTE - 1979/80
 - 8.2 STERKDRANKAKTIWITEIT - ONTLEDING VAN TOTALE KOSTE - 1980/81
 - 8.3 STERKDRANKAKTIWITEIT - ONTLEDING VAN TOTALE KOSTE - 1981/82
9. SORGHUMBIERAKTIWITEIT - KOSTESTAAT
 - 9.1 SORGHUMBIERAKTIWITEIT - ONTLEDING VAN TOTALE KOSTE VIR DIE 1981/82 REKENPLIGTIGE PERIODE
 - 9.2 SORGHUMBIERAKTIWITEIT - BEREKENDE EENHEIDSKOSTE PER LITER VIR DIE 1981/82 REKENPLIGTIGE PERIODE
 - 9.3 SORGHUMBIERAKTIWITEIT - BEREKENDE PRODUKSIEKOSTE PER EENHEID SORGHUMBIER VIR DIE 1981/82 REKENPLIGTIGE PERIODE

UITEENSETTING VAN DIE SWART WOONGEBIEDE BINNE DIE
 JURISDIKSIEGEBIED VAN DIE ORANJE-VAAL ADMINISTRASIERAAD

1. TRANSVAAL

- Evaton
- Vaaldriehoekgebied (Sasolburg, Vereeniging,
 Vanderbijlpark, Sebokeng)

2. VRYSTAAT

- | | |
|--------------|-----------------|
| - Arlington | - Lindley |
| - Bethlehem | - Memel |
| - Bothaville | - Oranjeville |
| - Clarens | - Parys |
| - Cornelia | - Petrus Steyn |
| - Edenville | - Reitz |
| - Frankfort | - Steynsrus |
| - Harrismith | - Tweeling |
| - Heilbron | - Viljoenskroon |
| - Kestell | - Villiers |
| - Koppies | - Vrede |
| - Kroonstad | - Vredefort |
| | - Warden |

BRON: Oranje-Vaal Administrasieraad.

'N PERSENTASIE-OPDELING VAN PRIVAAT VERBRUIKSBESTEDING

DEUR RASSEGROEPE IN 1979 EN 1985*

	<u>TOTAAL</u>		<u>BLANKES</u>		<u>KLEURLINGE</u>		<u>ASIATE</u>		<u>SWARTES</u>	
	<u>1979</u>	<u>1985</u>	<u>1979</u>	<u>1985</u>	<u>1979</u>	<u>1985</u>	<u>1979</u>	<u>1985</u>	<u>1979</u>	<u>1985</u>
Voedsel, drank en tabak	34,1	29,5	23,3	20,6	38,2	33,0	38,0	27,8	42,8	36,6
Klerasie en skoeisel	8,9	9,4	6,8	7,0	12,0	10,1	11,3	10,3	12,7	11,2
Huur, brandstof en krag	11,4	17,5	14,8	15,4	16,0	18,1	16,0	14,5	14,2	19,5
Meubels en huishoudelike toerusting	13,4	9,8	12,8	12,9	9,0	8,8	9,0	8,1	10,5	7,6
Mediese sorg en gesondheid	3,4	2,7	4,2	4,2	1,4	5,0	1,4	4,7	0,4	0,9
Ontspanning, vermaak, opvoeding en kulturele dienste	6,8	8,5	11,1	12,3	4,2	7,3	4,3	9,4	4,5	5,3
Diverse goedere en dienste	6,4	5,8	7,2	7,8	5,0	5,2	5,0	7,7	5,1	4,1
	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>	<u>100,0</u>
Totale privaat verbruiksbesteding	100,0	100,0	52,4	40,2	8,0	8,2	3,3	4,2	36,3	47,4

*Beramings

BRON: Barclays-Nasionale Bank Beperk, Sake-brief Junie 1981

STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE : HANDELSPROJEKTE

TABEL 3

1979/80

	INKOMSTE	UITGAWE	WINS
DRANK	R17 313 809,00	R17 158 248,00	R 155 561,00
SORGHUMBIER	R 7 280 826,00	R 6 267 866,00	R1 012 960,00
	<u>R24 594 635,00</u>	<u>R23 426 114,00</u>	<u>R1 168 521,00</u>

1980/81

	INKOMSTE	UITGAWE	WINS
DRANK	R26 386 528,00	R25 651 028,00	R 735 500,00
SORGHUMBIER	R 8 743 350,00	R 8 021 625,00	R 721 725,00
	<u>R35 129 878,00</u>	<u>R33 672 653,00</u>	<u>R1 457 225,00</u>

1981/82

	INKOMSTE	UITGAWE	WINS
DRANK	R35 144 012,00	R33 566 138,00	R1 577 874,00
SORGHUMBIER	R10 109 888,00	R 9 952 941,00	R 156 947,00
	<u>R45 253 900,00</u>	<u>R43 519 079,00</u>	<u>R1 734 821,00</u>

BRON: Oranje-Vaal Administrasieraad, Finansiële State 1979/80, 1980/81 en 1981/82

VERGELYKING TUSSEN VERBRUIKER- EN PRODUKSIEPRYSE
 STYGING VIR DIE PERIODE 1979 TOT 1981

JAAR	VERBRUIKERSPRYSE		PRODUKSIEPRYSE	
		% STYGING		% STYGING
1979	154,1	13,1	178,4	20,7
1980	175,3	13,8	207,8	16,5
1981	201,7	15,1	218,6	5,2

BRON: Suid-Afrikaanse Reserwebank (kwartaalblad)

DIE VERHOUDING IN BESTEDING TEN OPSIGTE VAN STERK DRANK
TEENOOR SORGHUMBIER (UITGEDRUK IN GELDWAARDE)

TYDPERK	STERK DRANK		SORGHUMBIER	
	VAALDRIEHOEK GEBIED	VRYSTAAT GEBIED	VAALDRIEHOEK GEBIED	VRYSTAAT GEBIED
1980/81	R20 144 069,00 (4,2)	R3 922 393,86 (0,99)	R4 843 914,65 (1)	R3 973 121,44 (1)
1981/82	R26 184 446,77 (4,5)	R6 267 093,12 (1,5)	R5 785 206,67 (1)	R4 163 093,43 (1)
% Styging	29,9%	59,8%	19,4%	4,8%

BRON: Oranje-Vaal Administrasieraad

KOSTESTAAT VAN VASTE BOKOSTE (BESTUURSKOSTE)

BESONDERHEDE	TYDPERK		
	1979/80	1980/81	1981/82
	R	R	R
Salarisse	146 415	221 993	411 194
Bydraes en toelaes	31 247	45 272	97 720
Diverse	24 349	40 514	70 410
Vervoer	49 308	63 237	153 227
Herstelwerk	-	232	3 386
Leningskoste	1 342	1 342	8 004
Kapitaal	1 955	1 088	1 475
	254 616	373 678	745 416

BRON: Oranje-Vaal Administrasieraad

VASTE- EN VERANDERLIKE BOKOSTE VIR DIE TYDPERK TOEGEDEEL
NA DIE STERKDRANK- EN SORGHUMBIERAKTIWITEIT

REKEN- PLIGTIGE PERIODE	VASTE BOKOSTE				TOTAAL TOEGEDEEL
	STERKDRANKAKTIWITEIT		SORGHUMBIERAKTIWITEIT		
	OMSETWAARDE	TOEGEDEEL	OMSETWAARDE	TOEGEDEEL	
1979/80	R17 313 809	R179 177	R 7 280 826	R 75 439	R254 616
1980/81	R26 386 528	R292 821	R 8 743 350	R 80 857	R373 678
1981/82	R35 144 012	R578 902	R10 109 888	R166 514	R745 416

REKEN- PLIGTIGE PERIODE	VERANDERLIKE BOKOSTE				TOTAAL TOEGEDEEL
	STERKDRANKAKTIWITEIT		SORGHUMBIERAKTIWITEIT		
	OMSETWAARDE	TOEGEDEEL	OMSETWAARDE	TOEGEDEEL	
1979/80	R17 313 809	R346 312	R 7 280 826	R 728 382	R1 074 694
1980/81	R26 386 528	R526 963	R 8 743 350	R 870 533	R1 397 496
1981/82	R35 144 012	R702 970	R10 109 888	R1 010 985	R1 713 955

TABEL 8

STERKDRANKAKTIWITEIT -
KOSTESTAAT VAN TOTALE KOSTE

	TYDPERK		
	1979/80	1980/81	1981/82
	R	R	R
1. VASTE KOSTE			
Salarisse, lone en toelaes	713 330	983 350	1 191 648
Diverse	734 110	1 032 048	1 395 866
-Advertensies en drukwerk	24 465	23 099	33 870
-Algemene verkoopsbelasting	546 915	819 651	1 114 453
-Dienste (water, riool en elektrisiteit)	15 308	23 021	35 889
-Gekonsolideerde fooie	4 679	5 318	6 602
-Huur	7 751	12 400	9 305
-Lisensies	-	3 129	441
-Materiaal en voorraad	2 944	18 226	21 913
-Ouditgelde	12 379	-	-
-Vervoer	92 156	100 972	133 553
-Versekering	15 933	18 394	32 842
-Diverse	11 580	7 838	6 998
Herstelwerk en bydrae na fondse	75 017	53 684	100 748
Leningskoste	113 896	120 838	131 337
Bokoste toegedeel	179 177	292 821	578 902
Totale Vaste Koste	1 815 530	2 482 741	3 398 501
2. VERANDERLIKE KOSTE			
Aankope : Drank	13 220 604	20 133 219	26 095 929
: Houers	1 775 802	2 508 105	3 368 738
Bokoste toegedeel	346 312	526 963	702 970
	15 342 718	23 168 287	30 167 637
	17 158 248	25 651 028	33 566 138

STERKDRANKAKTIWITEIT - ONTLEDING VAN TOTALE KOSTE

		1979/80						TOTAAL	
		VASTE KOSTE			VERANDERLIKE KOSTE				
1. DRANKWINKEL	SALARISSE	DIVERSE	HERSTEL/ BYDRAE	LENINGS- KOSTE	BOKOSTE	AANKOPE	HOUERS		BOKOSTE
	R	R	R	R	R	R	R	R	
Bethlehem	30 184	22 751	4 525	4 388	4 974	371 486	29 943	9 613	477 864
Harrismith	20 265	14 960	2 645	4 136	2 549	178 239	16 751	4 926	244 471
Heilbron	22 829	7 754	3 199	1 058	1 523	110 658	5 141	2 944	155 106
Kroonstad	62 570	53 118	11 755	9 038	11 330	785 018	100 173	21 898	1 054 900
Parys	13 555	17 532	2 349	5 801	2 951	200 229	21 116	5 704	269 237
Reitz	10 757	7 118	419	2 642	1 375	86 703	10 061	2 658	121 733
Viljoenskroon	18 869	9 931	261	272	1 826	114 112	9 744	3 530	158 545
Vrede	6 267	7 440	148	1 089	680	49 691	3 449	1 315	70 079
Warden	5 149	4 058	213	1 709	627	44 812	3 379	1 211	61 158
Evaton	32 574	22 958	3 183	-	5 042	378 615	57 213	9 746	509 326
Vaaldriehoek	423 662	515 238	40 535	82 737	136 599	10 901 041	1 518 832	264 017	13 882 661
-Vereeniging	91 067	98 082	4 276	3 045	21 638	1 762 374	246 834	41 821	2 269 167
-Vanderbijl- park	61 317	65 274	5 489	960	17 801	1 433 783	189 650	34 404	1 808 678
-Sasolburg	39 379	45 990	8 259	183	12 544	1 325 032	130 978	24 244	1 586 609
-Sebokeng	193 481	282 652	15 627	73 745	79 406	6 000 235	920 839	153 479	7 719 464
-Administra- sieraad	38 388	23 240	6 884	4 804	5 210	379 617	30 531	10 069	498 743
	646 681	682 858	69 232	112 870	169 476	13 220 604	1 775 802	327 562	17 005 080
2. KROEË									
Vereeniging	18 034	9 417	1 636	1 026	1 431	-	-	2 767	34 311
Vanderbijlpark	14 036	8 004	1 626	-	1 077	-	-	2 081	26 824
Sasolburg	20 901	22 501	817	-	5 022	-	-	9 707	58 948
Sebokeng	13 678	11 336	1 705	-	2 171	-	-	4 195	33 085
	66 649	51 258	5 784	1 026	9 701	-	-	18 750	153 168
	713 330	734 111	75 016	113 896	179 177	13 220 604	1 775 802	346 312	17 158 248

BRON: Oranje-Vaal Administrasieraad

STERKDRANKAKTIWITEIT - ONTLEDING VAN TOTALE KOSTE

		1980/81							TOTAAL
		VASTE KOSTE				VERANDERLIKE KOSTE			
1. DRANKWINKEL	SALARISSE	DIVERSE	HERSTEL/ BYDRAE	LENINGS- KOSTE	BOKOSTE	AANKOPE	HOUERS	BOKOSTE	
	R	R	R	R	R	R	R	R	R
Bethlehem	37 662	20 815	809	3 350	4 836	335 766	4 449	8 323	416 010
Harrismith	32 068	23 062	384	3 898	4 081	275 127	8 674	7 023	354 317
Heilbron	30 617	13 024	1 139	862	3 299	184 075	5 425	5 678	244 119
Kroonstad	93 947	64 662	5 629	8 647	16 701	1 026 434	74 832	28 745	1 319 597
Parys	33 455	25 352	1 016	6 321	6 193	380 937	25 108	10 659	489 041
Reitz	16 149	11 714	348	1 998	2 717	175 283	9 205	4 677	222 091
Viljoenskroon	27 136	14 049	235	786	2 557	156 234	3 777	4 400	209 174
Vrede	15 095	6 294	392	1 088	1 483	100 141	9 205	2 553	136 251
Warden	9 787	3 837	888	1 709	1 026	69 190	663	1 766	88 866
Evaton	39 832	31 669	1 894	-	9 836	662 896	96 869	17 567	860 563
Vaaldriehoek	562 081	768 236	26 434	91 154	240 092	16 765 785	2 269 898	435 572	21 159 252
-Vereeniging	125 613	138 133	7 184	2 525	39 458	2 747 583	360 322	71 565	3 492 380
-Vanderbijl- park	66 388	101 440	4 738	411	29 665	2 047 921	271 401	53 296	2 575 260
-Sasolburg	55 662	57 437	1 651	-	23 663	1 532 891	145 109	42 303	1 858 716
-Sebokeng	363 964	444 020	10 766	83 592	140 107	10 029 036	1 459 777	257 334	12 688 596
-Administra- sieraad	50 454	27 206	2 095	4 626	7 202	408 354	33 289	11 074	544 300
	897 829	982 714	39 168	119 813	292 821	20 131 868	2 508 105	526 963	25 499 281
2. KROEË									
Vereeniging	24 653	9 767	3 271	1 025	-	-	-	-	38 716
Vanderbijl- park	19 709	5 530	1 646	-	-	-	-	-	26 885
Sasolburg	18 645	19 418	1 584	-	-	-	-	-	39 647
Sebokeng	22 514	14 619	8 015	-	-	1 351	-	-	46 499
	85 521	119 334	14 516	1 025	-	1 351	-	-	151 747
	983 350	1 032 048	53 684	120 838	292 821	20 133 219	2 508 105	526 963	25 651 028

STERKDRANKAKTIWITEIT - ONTLEDING VAN TOTALE KOSTE

		1981/82								
		VASTE KOSTE			VERANDERLIKE KOSTE			TOTAAL		
		SALARISSE	DIVERSE	HERSTEL/ BYDRAE	LENINGS- KOSTE	BOKOSTE	AANKOPE	HOUERS	BOKOSTE	
		R	R	R	R	R	R	R	R	R
1.	DRANKWINKEL									
	Bethlehem	86 970	75 476	5 482	3 812	17 255	754 394	96 724	20 953	1 061 066
	Harrismith	30 989	55 105	1 433	3 898	9 302	388 228	46 392	11 296	546 643
	Heilbron	33 347	20 097	1 226	967	8 105	323 498	28 954	9 842	426 036
	Kroonstad	99 468	90 239	8 071	8 260	35 376	1 489 877	201 792	42 958	1 976 041
	Parys	45 654	38 777	1 379	6 321	13 943	551 952	73 494	16 931	748 451
	Reitz	16 736	16 769	851	1 998	5 371	215 194	19 040	6 522	280 481
	Viljoenskroon	14 027	13 237	514	786	4 913	201 480	20 020	5 966	260 943
	Vrede	25 205	12 058	420	1 311	3 094	118 873	13 982	3 757	177 700
	Warden	4 883	5 911	1 802	1 709	2 015	95 011	5 953	2 447	119 731
	Evaton	45 937	54 575	3 227	-	25 133	1 175 172	167 073	30 519	1 501 636
	Vaaldriehoek	682 857	955 770	65 740	101 005	437 475	20 543 682	2 696 314	531 230	26 014 073
	-Vereeniging	142 049	200 045	14 200	5 105	88 675	4 142 029	541 458	107 679	5 241 240
	-Vanderbijl- park	69 577	138 448	7 882	411	61 706	2 905 803	370 849	74 931	3 629 607
	-Sasolburg	71 961	78 079	5 368	121	34 444	1 579 430	198 167	41 826	2 009 396
	-Sebokeng	335 591	507 894	33 887	90 744	241 631	11 462 000	1 552 385	293 414	14 517 546
	-Administra- sieraad	63 679	31 304	4 403	4 624	11 019	454 420	33 455	13 380	616 284
		1 085 073	1 337 014	90 145	130 067	561 982	25 857 361	3 368 738	682 421	33 112 801
2.	KROEË									
	Vereeniging	29 273	9 502	2 898	1 025	2 115	43	-	2 569	47 425
	Vanderbijl- park	26 626	9 840	1 064	-	2 104	540	-	2 555	42 365
	Sasolburg	17 930	23 240	2 306	-	7 633	232 795	-	9 269	293 173
	Sebokeng	33 110	16 269	4 336	245	5 068	5 190	-	6 156	70 374
		106 575	58 851	10 604	1 270	16 920	238 568	-	20 549	453 337
		1 191 648	1 395 865	100 749	131 237	578 902	26 095 929	3 368 738	702 970	33 566 138

BRON: Oranje-Vaal Administrasieraad

SORGHUMBIERAKTIWITEIT - KOSTESTAAT

TABEL 9

	TYDPERK		
	1979/80	1980/81	1981/82
	R	R	R
Salarisse, lone en toelaes	1 306 312	1 742 907	2 308 697
<u>Aankope:</u>			
- Brou- en verpakkingsmateriaal	2 242 477	3 658 595	4 411 713
- Drank en Sorghumbier	45 910	28 256	-
- Leë houers en bottels	589	-	-
Algemene Verkoopbelasting	216 714	254 851	284 987
Advertensies, drukwerk en skryfbehoeftes	13 954	8 259	14 025
Brandstof (Verhitting)	88 695	56 738	92 888
Versekering (Bydrae tot premie)	30 608	12 477	41 727
Bydrae : Sorghumbiervorsing	54 636	69 096	86 609
<u>Dienste:</u>			
- Elektrisiteit en Gas	51 486	52 191	112 901
- Water	25 051	79 024	80 776
- Riool en saniteit	12 175	14 134	8 651
- Vullisverwydering	928	1 902	3 880
Gekonsolideerde fooie	12 597	10 427	10 533
Huur	352 325	15 689	21 824
Laboratorium : Ontleding van water	35	2 106	-
Lisensies	2 014	92 336	2 996
Materiaal en voorraad	34 011	102	99 907
Ouditgelde	4 445	20 000	20 000
Posgeld, seëls en telefoon	2 524	5 117	6 220
Reis- en verblyfkoste	490	3 240	15 301
Reklame	74 491	70 791	168 691
Vervoer	425 551	540 140	756 792
Herstelwerk en onderhoud	85 946	83 407	209 994
Bydrae tot fondse	364 361	388 530	479 610
Leningskoste	215 231	218 046	220 287
Bydrae uit inkomste vir kapitaal-uitgawe	55 061	15 371	61 849
Bokoste toegedeel	803 821	951 390	1 177 499
Sub-totaal	6 522 438	8 395 302	10 698 357
<u>Minus</u> Koste uitgedebiteer	254 572	373 677	745 416
TOTAAL	6 267 866	8 021 625	9 952 941

SORGHUMBIERAKTIWITEIT - ONTLEDING VAN TOTALE KOSTE
VIR DIE 1981/82 REKENPLIGTIGE PERIODE

	BESTUURS- KOSTE	BROUERY	VERPAK- KING	VERSPREI- DING	TOTAAL
1. VASTE KOSTE	R	R	R	R	R
Salarisse, lone en toelaes	508 915	340 725	633 938	825 119	2 308 697
Herstelwerk	2 047	153 742	36 130	18 075	209 994
Bydraes	2 813	255 022	79 662	290 571	628 068
Leningskoste	8 005	103 826	23 222	85 234	220 287
Vervoer	152 110	132 389	446 648	25 645	756 792
Reklame	-	168 691	-	-	168 691
Diverse*	71 526	86 078	48 274	373 099	578 977
Bokoste toegedeel	-	13 768	25 100	127 646	166 514
	745 416	1 254 241	1 292 974	1 745 389	5 038 020
<u>Minus</u> Koste toege- deel	745 416	-	-	-	745 416
	-	1 254 241	1 292 974	1 745 389	4 292 604
2. VERANDERLIKE KOSTE					
Verhitting, elektri- siteit en water	-	218 520	19 119	-	237 639
Brou- en verpak- kingsmateriaal	-	2 828 005	1 583 708	-	4 411 713
Bokoste toegedeel	-	83 591	152 393	775 001	1 010 985
	-	3 130 116	1 755 220	775 001	5 660 337
	-	4 384 357	3 048 194	2 520 390	9 952 941
3. TOTALE OMSETWAARDE	-	835 910	1 523 930	7 750 010	10 109 850
*Algemene verkoopsbe- lasting by diverse ingesluit	-	5 908	-	279 079	284 987

SORGHUMBIERAKTIWITEIT - BEREKENDE EENHEIDSKOSTE
 PER LITER VIR DIE 1981/82 REKENPLIGTIGE PERIODE

	BROUERY LOSBIER (PER LITER)	VERPAKKING EEN- EN TWEELITER (PER LITER)	VERSPREIDING EN VERKOPE (PER LITER)
TOTALE PRODUKSIE/VERKOPE (LITERS)	52 774 797	42 727 529	52 017 007
1. VASTE KOSTE			
Salarisse, lone en toelaes	R0,0064	R0,0148	R0,0158
Herstelwerk	R0,0029	R0,0008	R0,0003
Bydraes	R0,0048	R0,0018	R0,0056
Leningskoste	R0,0019	R0,0005	R0,0016
Vervoer	R0,0025	R0,0104	R0,0004
Reklame	R0,0032	-	-
Bokoste	R0,0002	R0,0005	R0,0024
Diverse	R0,0015	R0,0011	R0,0018
	R0,0234	R0,0299	R0,0279
2. VERANDERLIKE KOSTE			
Ru-materiaal/verpak- kingsmateriaal	R0,0577	R0,0375	-
Bokoste	R0,0016	R0,0035	R0,0148
	R0,0593	R0,0410	R0,0148
	R0,0827	R0,0709	R0,0427

BRON: Berekenende syfers afgelei uit Tabel 9.1

SORGHUMBIERAKTIWITEIT - BEREKENDE PRODUKSIEKOSTE PER
EENHEID SORGHUMBIER VIR DIE 1981/82 REKENPLIGTIGE PERIODE

1. Produksiekoste per liter losbier	R0,0827	
<u>Plus: Verspreiding en verkoopskoste</u>	<u>R0,0427</u>	
	R0,13	
Gemiddelde verkoopprijs vir die periode (AVB uitgesluit)	<u>R0,14</u>	
Berekende bydrae	<u>R0,01</u>	
2. Produksiekoste van verpakte bier	<u>Een liter</u>	<u>Twee liter</u>
Produksiekoste van inhoud	R0,0827	R0,1654
<u>Plus: Koste van verpakking (vaste koste)</u>	<u>R0,0299</u>	<u>R0,0299</u>
: Houerkoste	R0,0450	R0,0162
: Veranderlike bokoste	<u>R0,0035</u>	<u>R0,0070</u>
Totale koste voor verspreiding	R0,1611	R0,2185
<u>Plus: Verspreiding en verkoopskoste</u>	<u>R0,0427</u>	<u>R0,0854</u>
	R0,20	R0,30
Gemiddelde verkoopprijs vir die periode (AVB uitgesluit)	<u>R0,21</u>	<u>R0,31</u>
BEREKENDE BYDRAE	<u>R0,01</u>	<u>R0,01</u>

BRON: Berekende syfers afgelei uit Tabel 9.2


FIGURE

1. STERKDRANKAKTIWITEIT - GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE
TOTALE OMSETWAARDE TEENOR DIE
TOTALE KOSTE VIR DIE TYDPERK

2. SORGHUMBIERAKTIWITEIT - GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE
TOTALE OMSETWAARDE TEENOR DIE
TOTALE KOSTE VIR DIE TYDPERK

FIGUUR 1

STERKDRANKAKTIWITEIT - GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE
TOTALE OMSETWAARDE TEENOR DIE TOTALE KOSTE VIR DIE TYDPERK



SORGHUMBIERAKTIWITEIT - GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE
TOTALE OMSETWAARDE TEENDOOR DIE TOTALE KOSTE VIR DIE TYDPERK

